IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

HS S.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1987-05-26

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 226

(Bladsye 11 966 - 12 023)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 26 MEI 1987.

OUPA JOHN HLOMOKA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : Al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons is nog steeds by die vergadering van 19 Augustus 1984. U het vir die Hof gesê beskuldigde nr. 1 was ook ŉ spreker op hierdie vergadering? -- Ja, dit is so.

Hoe is beskuldigde nr. 1 voorgestel op die vergadering? -- Hy was voorgestel as ŉ lid van AZANYO afkomstig van Soweto.

Het òf die voorsitter òf beskuldigde nr. 1 daarna verduidelik hoe dit gekom het dat beskuldigde nr. 1 af hier kom om ŉ toespraak te kom maak? -- Nee. Wat gebeur het is dat die voorsitter het aan die vergadering verduidelik dat beskuldigde nr. 1 vra om ŉ kans gegee te word om so ŉ paar woorde kortliks te sê.

Wat het beskuldigde nr. 1 vir die gehoor gesê? -- Hy het gepraat van die gesukkel van die Swartmense en melding daarvan gemaak dat die meerderheid van die Swartmense is werkloos. Hy het toe gepraat van die hoë onkostes van die lewe. Hy het toe ook melding gemaak van die algemene verkoopsbelasting. Hy het toe verder melding gemaak van die UIF waarin hy gesê het mense wat werk verloor het of wat uit die werk is vat lank om die voordele te kry vanaf die UIF. Hy het toe gepraat van die huur, dat dit verhoging op die huur sal die mense wat van die Transkei af kom ook affekteer, dit wil sê die mense wat in die dorpsgebiede kom werk. Dit is wat ek onthou hy gesê het.

Het beskuldigde nr. 1 die regering verantwoordelik gehou vir die verkoopsbelasting se verhoging? -- Ja, hy het so gesê.

En het hy die regering verantwoordelik gehou vir die

hoë/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hoë lewenskoste? -- As ek reg onthou, ja, hy het daarvan gepraat en dit genoem, al kan ek nie meer so goed onthou nie.

En het hy ook die regering verantwoordelik gehou vir die werkloosheidsversekering wat so lank neem om uit te betaal? -- Nee, ek kan nie onthou dat hy so gesê het nie.

Het beskuldigde nr. 1 enige houding ingeneem ten opsigte van die betaling van huurverhoging? -- Wat ek onthou is dat hy melding gemaak het van die mense wat van die Transkei af kom wat ook deur hierdie huur geaffekteer gaan word, in die sin dat hulle nie die enigste mense gaan wees, dit wil sê die inwoners van die Vaal wat die probleme gaan ondervind met die verhoging van die huur nie, maar dit sluit die mense in wat van die Transkei af kom.

Het beskuldigde nr. 1 vir die gehoor gesê waar gaan hierdie geld heen wat geïn word met die huurverhogings? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 1 nie vir die gehoor gesê die regering vat die geld vir die huurverhogings en wend dit vir ander doeleindes aan as tot voordeel van die Swartmense nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Beskuldigde nr.1 is nou van AZANYO, Azanian Youth Organisation, het hy niks oor die jeug gesê in sy toespraak nie? -- Nee.

Ek stel dit aan u hy het oor die jeug gepraat in hierdie vergadering? -- Nee, ek kan nie onthou dat daar enige melding gemaak was van die jeug in hierdie vergadering nie.

Ek stel dit aan u, hy het gesê die jeug weet hoe om te veg en die volwassenes moet dit aan die jeug oorlaat dat hulle veg en dan kan die volwassenes hulle kom help? -- Nee, niemand het ooit gepraat van veg by hierdie vergadering

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

Het beskuldigde nr. 1 gesê maar hierdie huurverhoging gaan nie vir elektrisiteit en vir beter paaie aangewend word nie. Die geld gaan vir ander doeleindes aangewend word? -- Ek onthou dit nie.

HOF : Beteken dit dit is nie gesê nie of beteken dit dit is moontlik dat dit gesê was, maar u onthou dit nie? -- Dit is moontlik dat dit gesê was en ek kan nie onthou nie.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 1 nie gepraat van die SCR's by skole nie? -- Nee.

Het beskuldigde nr. 1 nie van die raadslede gepraat nie? -- Melding was gemaak van die raadslede deur hom. Dit is terwyl hy gepraat het van die huurgelde wat die mense gaan affekteer. Ek kan net nie presies onthou wat presies gesê was deur hom met betrekking tot die raadslede nie.

Het beskuldigde nr. 1 die raadslede ŉ klomp "puppets" genoem? -- Ek kan nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 1 op geen stadium vir die vergadering gesê maar daar moet ondersoek ingestel word wat word van hierdie huurverhogings, die geld daarvoor nie? -- Ek onthou dit nie.

Is dit moontlik dat hy dit gesê het of sê u dit is nie gesê nie? -- Miskien het hy dit gesê maar ek kan dit nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 1 enigsins van die Suid-Afrikaanse Weermag gepraat? -- Dit onthou ek nie.

Het beskuldigde nr. 1 hom uitgespreek oor enige van die resolusies wat uitgelees was voorheen op die vergadering? -- Nee, dit lyk vir my hy het niks daaromtrent gesê nie, maar ek kan nie goed onthou nie.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het u vir die vergadering gesê? -- Ek het versoek dat die mense die besighede van die raadslede moet boikot. Dit moet gedoen word tot tyd en wyl hulle, die raadslede, bedank.

Het niemand voor u gepraat oor boikot van raadslede se besighede op hierdie vergadering nie? -- Nee, ek was die eerste persoon wat daarvan gepraat het.

Kan u vir die Hof sê hoekom het u 'n boikot voorgestel? -- Ek het gedink omdat daar nou 'n beroep gemaak word dat hulle moet bedank, moet dit duidelik gemaak word aan hulle, die raadslede dat die gemeenskap nie tevrede is met die verhoging van die huur nie.

U het op daardie stadium nog nie geweet hoe beoog word die raadslede gevra sal word om te bedank nie. Is dit reg? -- Dit is reg, ek het nog nie geweet nie, maar ek het alreeds gelees daar dat by die vergadering van die 12de melding gemaak was van petisies.

Op die vergadering van die 19de was daar geen resolusies geneem oor petisies nie. Is dit reg? -- Dit is so.

Maar hoekom het u nie daar gevra vir die gehoor of vir iemand daar op die verhoog, die voorsitter maar wat van die petisies nou? Ek lees van petisies, maar niemand praat van petisies hier nie. Wanneer word die goed opgestel? Waar kom dit vandaan? -- Dit het nie in my gedagte gekom dat ek moet vra nie.

Hier word 'n resolusie op die vergadering uitgelees dat die raadslede moet bedank, dit is besluit die raadslede moet bedank. -- Ja, dit is so.

U, 'n man nie van Sharpeville nie, dink dit goed om daar 'n voorstel te maak by die vergadering dat die raadslede

geboikot/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geboikot moet word tot hulle bedank. Wil u werklik vir die Hof sê u het nooit gedink om te vra vir die vergadering maar waar is die petisie wat julle van praat nie? -- As gevolg van die berig wat ek in die koerant gelees het, het ek aanvaar dat dit by die vorige vergadering bespreek was. Dus, by hierdie vergadering, het dit nie in my gedagte gekom dat ek melding daarvan moet maak nie.

HOF : Het enigiemand gepraat van 'n petisie op die vergadering? -- Nee, niemand nie.

MNR. FICK : En u het ook geen petisies gesien op die vergadering nie? -- Nee.

Waaroor gaan u oor tot so 'n drastiese stap as u nie eers weet van die petisies of waar hulle is nie, u sien geen petisies nie, u weet nie wanneer die raadslede gevra gaan word om te bedank nie? -- Ek het aanvaar dat dit bespreek was en dit sluit in dat dit gedoen was. Ek het nie die inligting gehad of dit nou uitgevoer was of nie.

HOF : Verfris net my geheue. Wat sou die inhoud van die petisie gewees het waarop besluit is op 12 Augustus? -- Ek weet nie wat die inhoud sou gewees het nie, maar as ek self moet dink, het ek gedink dit sou die petisie gewees het wat die raadslede versoek om te bedank.

MNR. FICK : Het u in u toespraak enigsins verwys na die wyse waarop u voorgestel is aan die vergadering? -- Ek volg nie die vraag nie. Wat voorgestel?

Kyk, u is voorgestel as 'n sekere persoon wat wil praat? -- Nee, terwyl beskuldigde nr. 1 besig was met 'n toespraak is ek na Peter Hlubi toe waar ek gaan vra het

Ek wil u net so 'n bietjie terugneem na 'n ander aspek toe. By die huis voor hierdie vergadering toe u voorgestel

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is aan die mense, toe Peter Hlubi ook daar was, hoe is u voorgestel? Net op u naam of is daar enigiets meer oor u agtergrond gesê? -- Ek het myself aan die mense daar teenwoordig voorgestel deur aan hulle te noem wie ek is sonder om enige agtergrond te meld.

Net u naam en u van? -- Dit is so, ja.

U sê op die vergadering het u weer na Hlubi toe gegaan en gesê u wil praat? -- Ja, dit is so. Ek het hom daarvan ingelig.

En hy het u toe voorgestel by naam en ook die organisasie waaraan u verbonde is AZAPO? -- Toe ek hom gaan versoek het dat ek 'n geleentheid aangebied moet word om te praat, het hy my gevra wat is my naam nou weer. Ek het my naam aan hom genoem. Dit is op daardie stadium wat ek toe melding gemaak het dat ek 'n lid is van AZAPO, maar ek kan net nie spesifiek onthou of ek aan hom gesê het dat ek 'n voorsitter is van AZAPO in die Vaal en of ek net aan hom gesê ek is 'n lid van AZAPO van die Vaal tak nie.

Ek het u getuienis tot hier verstaan dat u het na Sharpeville toe gegaan omdat u as 'n inwoner daar wil praat? -- Ja, dit is so.

Terwyl u u toespraak gemaak het, het u terugverwys na die manier waarop u voorgestel is aan die gehoor deur Hlubi, soos u sê? -- Ek verstaan nie. Dat ek nou melding gemaak het daarvan dat ek 'n lid is van AZAPO.

Laat ek vir u reguit vra. Het u vir die gehoor enigiets gesê in u toespraak oor die manier dat u voorgestel is as lid of voorsitter van AZAPO in die Vaal? -- Nee, ek het geen melding van AZAPO gemaak nie.

Hoekom het u nie vir die gehoor gesê "Maar kyk, ek is

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie hier as ŉ AZAPO lid of voorsitter nie. Ek kom as deel van die gemeenskap hierso praat. Julle moet nie nou onder ŉ verkeerde indruk verkeer nie"? -- Ek het dit nie nodig geag om dit te doen nie, want ek is soontoe as ŉ inwoner en dit is terwyl ek daar was dat ek besluit het om iets voor te stel, ŉ mosie voor te stel. Met die gevolg dat ek dit dus nie nodig geag het om breedvoerig te sê dat ek nie daar was as ŉ lid van AZAPO nie, want ek het nie ŉ voorbereide toespraak gehad toe ek daar opgedaag het nie.

Ek stel dit aan u u het nie vir die gehoor gesê u kom in u privaat hoedanigheid praat nie. Die feit dat u ŉ lid van AZAPO is of voorsitter van AZAPO is, het niks hiermee te doen nie, vir die eenvoudige rede, u wou gehad het die gehoor moet dit so aanvaar dat u van AZAPO praat nou met hulle? -- Ek sal nie my identiteit as ŉ AZAPO lid verberg nie. Ek was nie daar gewees as ŉ lid van AZAPO om iets te gaan sê namens AZAPO nie. Wat ek daarby bedoel is, ek sê nie dat ek nie ŉ lid is van AZAPO nie, maar ek het geen melding gemaak van AZAPO nie.

Ek stel dit verder aan dit het u gepas om die gehoor onder die indruk te laat dat hierdie vergadering is toegespreek deur die Soweto Civic Association of Committee of Ten se lid deur ŉ lid van AZANYO en deur AZAPO en u het om daardie rede niks daaroor te sê gehad nie? -- Nee, wat die gehoor daar gedink het, weet ek nie.

U wou aan die gehoor oordra dat hierdie organisasies werk saam in die Vaal teen die raadslede en teen die verhogings? -- Die mense daar in die gehoor teenwoordig by hierdie vergadering het ŉ beter kennis gehad van daardie vergadering in vergelyking met myself, want hulle was daarvan bewus

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat die vergadering belê was deur hierdie komitee. So, ek was min ingelig in vergelyking met hulle.

Ek wil dit aan u stel, die indruk wat hier geskep word in BEWYSSTUK AA4(vii), ek gaan nou vir u lees "Several leaders ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, nee, nee, vir die doeleindes van die rekord moet u asseblief die ding se naam gee, anders gaan dit net onmoontlik wees om die rekord te lees.

MNR. FICK : Dit is 'n berig wat in die Sowetan verskyn het onder die opskrif "Tuesday, August 21, 1984." Die opskrif "Rent anger in Sharpeville." "Several leaders from various political and civic associations including the UDF, United Democratic Front, AZAPO, Azanian National Youth Unity, Soweto Civic Association and Trade Unions launched the scathing attack on the councillors for increasing the rent." Nou stel ek aan u, die berig soos dit hier - hierdie deel van die berig, dit is wat u en die ander persone op die vergadering wou oordra aan die gemeenskap dat julle saam veg teen die raadslede? -- Nee, ek ontken dit. Soos ek alreeds vroeër gesê het, sal ek dit weer herhaal, dat daar organisasies was by 'n plek wat teen iets optree. Dit beteken nie dat daardie organisasies nou saam werk omdat hulle teen daardie ding gekant is nie.

Op hierdie vergadering het u op geen stadium enigiets betwis wat enige van die ander sprekers op hierdie vergadering gesê het vir die gehoor nie. Is dit reg? -- Dit is so.

Die teendeel is eintlik waar. U het nog saamgestem met wat beskuldigde nr. 16 gesê het ook? -- Dit is so.

Het u hierdie voorstel van u dat die raadslede geboikot moet word gemotiveer? -- Ja, kortliks deur melding te maak van die resolusie dat hulle moet bedank.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u vir die gehoor gesê hoekom moet die raadslede bedank? -- Wat ek gesê het is die volgende. Ons het ooreengekom in 'n resolusie wat aanvaar is op hierdie vergadering dat die raadslede moet bedank. Ek stem volkome saam, maar ek het nog 'n versoek wat ek wil rig en toe het ek die versoek oorgedra.

Het u op hierdie vergadering uitgewei oor die magte oor gebrek aan magte van raadslede volgens u? -- Nee, nie aan die vergadering nie, maar ek het self daaraan gedink dat hulle nie die magte het nie.

Het u enigiets anders nog vir die gehoor gesê in verband met die voorstel om die raadslede te boikot? -- Ja, ek het voorbeelde gemaak van die garages, die winkels asook die huurmotors.

Het u vir die gehoor gesê dat u stel nie belang in raadslede nie, u wil nie sulke mense in die Swartgemeenskap hê nie? -- Nee.

HOF : Het u hierdie vergadering beskou as 'n vergadering vir die hele Vaal of het u die vergadering beskou as 'n vergadering vir Sharpeville? -- Ek het dit beskou as 'n Sharpeville vergadering, maar terselfdertyd het ek die vergadering gesien as 'n vergadering wat tot die voordeel is vir die hele Vaal.

Hoe bedoel u tot voordeel vir die hele Vaal? -- In die sin dat indien hulle daarin geslaag het om sekere dinge te doen, wat dan sou regverdig het dat die huur nie verhoog word nie, sou dit nie net vir Sharpeville geldig gewees het. Dit sou gegeld het vir die hele Vaal.

Maar gestel nou hulle slaag in Sharpeville om die huurverhoging weg te kry, sou dit dan vir die hele Vaal geld

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of net vir Sharpeville? -- Ek het dit aanvaar dat dit effektief sal wees vir die hele Vaal want Sharpeville sorteer onder die dorpsraad van Lekoa net soos die ander. Byvoorbeeld, die verhoging op die huur was maar ewe veel soos die ander areas van die Vaal.

Maar as dit net 'n plaaslike vergadering is met besluite wat die plaaslike inwoners moet uitvoer, op watter basis stel u wat van Gebied 3 af is dan voor dat hulle 'n boikot moet instel waarin u nie sal deelneem nie? -- Dit is reg, ek sou nie deelgeneem het hieraan nie, maar ek het myself beskou as 'n inwoner van die Vaal en wat daar gedoen kan word sal van toepassing wees op my ook.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Met ander woorde, die boikot is vir die hele Vaal se raadslede? -- Nee, daar het ons gepraat van Sharpeville.

MNR. FICK : Ek het 'n ernstige probleem. Hoeveel raadslede is daar in Sharpeville? -- Ek het nie geweet hoeveel hulle in getal was nie. Ek het net van een geweet.

HOF : Wat se besigheid het hy gehad? -- 'n Garage.

Nou hoe is dit dat u verwys na winkels en na huurmotors? -- Ek het net 'n voorbeeld gemaak van besighede wat eintlik nie bedoel het dat ek sê daar is van hulle wat hierdie besighede eien nie. Ek het net 'n voorbeeld gemaak aan hierdie bejaarde mense wat ek meen as ek van besigheide praat, wat die tipe besigheid is waarvan ek praat. Ek was bewus daarvan dat daar wel ander lede is van die Sharpeville, behalwe die een wat ek van geweet het.

Maar het u geweet of hulle huurmotors het of nie? -- Nee, ek het nie.

Maar as u dan 'n boikot voorstel van huurmotors in

Sharpeville/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sharpeville, dan mag dit wees dat 'n hele klomp"onskuldige" persone wat huurmotoreienaars is geraak word?

MR BIZOS : The evidence has not been that there was a proposal of a boycott of taxi's but taxi's of councillors.

HOF : Stel die vraag aan die getuie? -- Wat ons daar bespreek het was die besighede van die raadslede en ek het toe 'n voorbeeld gemaak van die huurmotors, winkels en die garages.

Ek begryp dit. Die ou mense van Sharpeville, sal hulle weet dat die besondere huurmotors wat daar loop nie aan hulle raadslede behoort nie? -- Ek het aanvaar dat inwoners van Sharpeville weet wie almal die raadslede is en weet wat se besighede die persone eien.

Was dit nie dat u 'n boikot van die hele Vaal voorgestel het en daarom nie die voorbeelde voorgestel het nie? -- Nee, dit is nie wat ek in gedagte gehad het nie.

MNR. FICK : As die mense van Sharpeville nou vra dat die raadslede moet bedank in Sharpeville, wat nou van die res van Lekoa wat die huurverhoging ook geld en waar daar ook raadslede is? -- Dit was duidelik gewees as gevolg van die verklaring wat gemaak was deur die burgermeester van Lekoa, volgens die verduideliking van beskuldigde nr. 3 by die volgende vergadering dat dit te hore gekom was deur al die raadslede van die Vaal.

Ons is nie besig met die volgende vergadering nie. Ons is besig met die 19de se vergadering. Hoe het u gedink op hierdie 19de se vergadering, wat nou van die res van Lekoa waar die verhogings geld en waar die raadslede is en julle vra dat Sharpeville se mense bedank? -- Op daardie stadium het ek net aan Sharpeville gedink. Ek het nie in my gedagte ander plekke gehad nie.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar ek dag u gaan as inwoner van die Vaal. Het u nie aan die res van die Vaal se belange gedink toe u na die vergadering toe is nie? -- Ek het. Wat dit betref het ek gedink aan die voordele wat hulle gaan kry indien die Sharpeville se vergadering ꞌn sukses was op dit waarna hulle gemik het.

HOF : Nie die vergadering nie. Tog seker die uitvoering van die besluite? -- Ja, dat die huur nie verhoog moet word nie.

Moes Sharpeville dan as ꞌn proefkonyn dien? -- Dit is hoe ek dit aanvaar het.

MNR. FICK : Is die kwessie van wat gaan gebeur as dit nou slaag in Sharpeville en die ander gebiede bespreek op hierdie vergadering? -- Nee, dit was nie by hierdie vergadering bespreek nie.

HOF : Maar dit beteken tog dat u wat glad nie in Sharpeville woon nie, nie die risiko neem dat u huis gesluit sal word nie, omdat u nie die huur betaal nie, die verhoogde huur betaal nie, nie deelneem aan ꞌn boikot nie en tog u stem verhef op hierdie vergadering? -- Nee, op hierdie stadium was dit nog vroeg gewees. Die vergadering was op die 19de gewees en die huurverhoging sou van toepassing gewees het op die 1ste.

MNR. FICK : Wat probeer u nou sê vir die Hof? Het u geweet daar is ander gebiede waar daar soortgelyke aksies aan die gang was as wat in Sharpeville aan die gang was? -- Nee, ek praat van die sluiting van huise.

My probleem is, u is nie van Sharpeville nie, u is van Sebokeng. Waaroor gaan u na Sharpeville toe en u gaan maak hier voorstelle wat u glad nie raak nie. U is in Sebokeng en u het nie deel aan die boikot nie, u het nie deel aan die besluit om nie huurverhoging te betaal nie?

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : This witness did not make that proposal, that the increased rent should not be paid.

COURT : That is correct, but he embroidered on it and to make it effective he proposes "and we should boycott the councillors until they resign". The councillors being the Sharpeville councillors.

MR BIZOS : My objection is that the prosecutor is putting a question which says "You proposed that the rent increase should not be paid." That is not a correct putting.

HOF : Dit is korrek, hy het dit nie voorgestel nie.

MNR. FICK : U het u vereenselwig met hierdie resolusie dat die huur nie betaal moet word nie en u het nog verder gegaan en om die ding meer effektief te maak het u gesê maar nou moet daar geboikot word.

HOF : Die effektiwiteit van die boikot het te doen met die bedanking van die raadslede.

MNR. FICK : U het ook saamgegaan met die eis dat die raadslede moet bedank en om dit effektief te maak het u verder gegaan en nog ŉ boikot voorgestel terwyl u glad nie van Sharpeville is nie, u is van Sebokeng en die gevolge hiervan, naamlik dat die mense in Sharpeville se huise toegesluit mag word, hulle mag uit hulle huise gesit word, dit raak u glad nie. Wat het u gaan maak in Sharpeville? Hoekom het u hierdie voorstelle daar gaan maak? -- In antwoord sal ek die volgende sê. Ek is na hierdie vergadering toe te Sharpeville omdat ek ŉ inwoner was van die Vaal en Sharpeville sorteer onder die Lekoa Dorpsraad. Die gebied waar ek woon sorteer ook onder dieselfde raad. Met ander woorde, wat ek in gedagte gehad het was die uitslae wat tot voordeel is van Sharpeville se inwoners, sou tot voordeel gewees het van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die ander inwoners in die ander gebiede wat onder dieselfde raad sorteer. Dit is die rede dat ek daardie vergadering bygewoon het.

HOF : Dit gaan nie om die bywoon van die vergadering nie. Dit kan ŉ mens doen uit blote nuuskierigheid. Die debat gaan eintlik oor u aktiewe deelname aan die vergadering en die voorstel wat u maak? -- Ja, ek het myself beskou as ŉ gedeelte van die inwoners van die Vaal. Ek is ŉ inwoner van die Vaal. Dus het ek myself beskou as ŉ gedeelte van die inwoners van Sharpeville.

MNR. FICK : Ek sal terugkom na hierdie aspek later. Die vrou het ook op die vergadering gepraat van 19 Augustus in verband met die persone wat verhoogde huur betaal? -- Ja, ek onthou van die een Nana.

Wat het Nana vir die vergadering gesê? -- Nana het versoek dat die mense moet verenig en bevorder die resolusie van die huur naamlik die boikot van die besighede.

HOF : Net ŉ oomblik nou. Daar is verskillende resolusies. Die een is "ons betaal nie die verhoogde huur nie", die een is "die raadslede bedank" en die een is "ons boikot hulle sake." Watter een het sy ondersteun of het sy almal ondersteun? -- Die boikot van die raadslede se sake.

MNR. FICK : Is hierdie voorstel vir die boikot van die raadslede se sake aanvaar deur die vergadering?

HOF : Wie se voorstel?

MNR. FICK : Die getuie s'n? -- Dit is so.

HOF : Was dit aanvaar voor Nana gepraat het of na Nana gepraat het? -- Voor Nana gepraat het, onmiddellik na ek gepraat het.

MNR. FICK : Hoe het dit gekom dat Nana gepraat het op die vergadering? -- Die prosedure daar is dat mense het hande

opgelig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

opgelig met die oog daarop om ŉ versoek te rig dat hulle kans gegee word om te praat. Sy is een van die mense en sy was toe uitgewys as ŉ persoon wat die kans gegun word.

Was sy van enige organisasie wat u van weet? -- Nee, ek het haar vir die eerste keer leer ken by hierdie vergadering.

Was die kwessie bespreek op hierdie vergadering wat gaan gebeur as die mense nie gehoor gee aan die besluit dat die raadslede se besighede geboikot moet word nie? -- Nee, dit was nie bespreek nie.

Daar was niks daaroor gesê op hierdie vergadering nie? -- Niks was gesê daaromtrent wat sou gebeur indien die mense nie die boikot uitvoer nie.

Aan die einde van hierdie vergadering, is daar enige verdere besluite geneem? -- Die enigste besluit wat geneem was as die laaste besluit daar was oor hierdie boikot gewees, want andersins na dit, wat gebeur het is daar was toe ŉ; "announcement" gemaak.

Wat was die aankondiging? -- Die aankondiging was wat betref die "legal action". Daarna word gekyk.

Wie het die aankondiging gemaak? -- Peter Hlubi het dit gemaak.

Net kortliks, het hy gesê watter regsstappe word na gekyk om wat reg te kry of om wat te doen? -- Hy het nie verduidelik nie. Ek het aanvaar dat hy dit sê omtrent die huur.

Het u by hierdie vergadering enigiets gesê met betrekking tot hierdie resolusie in verband met die boikot van raadslede, wat verder gedoen moet word, of dit verder gepropageer moet word en of dit oorgedra moet word? -- Ek verstaan nou nie wat die vraag behels nie. My versoek was dat die raadslede se sake geboikot moet word tot tyd en wyl die raadslede bedank.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit was my versoek gewees.

Maar het u aan die gehoor enigiets gesê in verband met hierdie resolusie dat hulle dit wyd moet gaan verkondig, dat hulle enige verdere bespreking moet voer oor hierdie resolusie met ander persone? -- Daar was ʼn vraag gewees van die gehoor deur ʼn persoon wat wou geweet het wat sal gebeur met die persone wat die verhoogde huur sal betaal. Die vraag was nie eintlik gemik op die boikot nie.

Ek sal nou daarby kom. Het u vir die gehoor gesê julle moet uitgaan na die mense wat nie op hierdie vergadering is nie en gaan hoor hoe voel hulle oor die boikot,wat sê hulle hiervan? -- Nee, dit het ek nie gesê op die stadium wat ek van die boikot gepraat het nie.

Niemand vra dit vir u nie. Het u vir die vergadering, op die vergadering gesê "Kyk, julle moet uitgaan na die mense wat nie op hierdie vergadering is nie en gaan praat met hulle en hoor wat is hulle gevoel in verband met die besluite van hierdie vergadering?-- Ja, ek het.

Hoekom wou u gehad het dat die gevoel van die mense op straat moet bekend word? -- Dit het ek gesê waar ek ʼn vraag geantwoord het en ek was daarvan bewus dat nie al die mense van Sharpeville is by hierdie vergadering teenwoordig nie.

Hoeveel mense sê u was by die vergadering? -- Ek het gesê ek skat die aantal tussen agthonderd en ʼn duisend.

Het iemand gevra op die vergadering maar wat gaan gebeur met die mense wat wel die verhoogde huur gaan betaal terwyl ons sê dit word nie betaal nie? -- Ja, daar was so ʼn vraag gewees.

Wie het dit gevra? -- Botha.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het die voorsitter hom geantwoord? -- Nee.

Het hy ŉ antwoord gekry op sy vraag? -- Ek het die antwoord gegee.

Maar nou hoekom het u hom geantwoord en nie die voorsitter nie? -- Na die vraag deur hom gevra was, het ek my hand opgelig.

Maar u is mos maar net ŉ gewone inwoner van die Vaal, nie eers van Sharpeville nie. Het die voorsitter hom nie probeer antwoord of beskuldigde nr. 3 dalk nie? -- Nee, die voorsitter het eers vir my die kans gegee.

Maar hoe het die voorsitter geweet u wil die ding antwoord en u wil nie ook ŉ vraag vra nie? -- Wat gebeur het daar is, onmiddellik na die persoon die vraag gestel het, het ek die hand opgelig. Ek aanvaar ek was die eerste een wat die hand opgelig het. Die voorsitter het toe van my verneem of ek nou die vraag gaan antwoord en of ek iets anders wil sê. Waarop ek gesê het ek antwoord die vraag.

Van u kant af, hoekom het u nie gewag toe die vraag gevra is om te hoor wat sê die voorsitter van die vraag nie? -- In die eerste plek het ek nie van hierdie vraag gehou nie en tweedens, ek het die kennis gehad van watter soort persoon hy is, dit is die persoon wat die vraag gevra het.

Hoekom het u nie van die vraag gehou nie? -- Want die vraag is wat gaan gebeur met die mense wat sal betaal en dit is nie wat bespreek word by hierdie vergadering op daardie tydstip nie.

HOF : Wat het die vraag geïmpliseer? -- Ek het die vraag so verstaan dat dit eintlik ŉ tipe vraag is wat die mense maak dat hulle moet twyfel of hierdie resolusie eintlik sal werk.

MNR. FICK : U het nie daarvan gehou dat iemand op die vergadering iets sê wat u voorstel laat skipbreuk ly nie?

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Dit is natuurlik vanselfsprekend.

MNR. FICK : Ek sal u so vra, u wou ten alle koste gehad het dat hierdie resolusie moet aangaan, dat dit moet bly staan as K723 ŉ resolusie? -- Ek het aanvaar dit was nou die resolusie van die vergadering by die vorige vergadering en by hierdie huidige vergadering, stem hulle nog ooreen met hierdie siening.

U het geweet dat daar gaan mense wees wat so ŉ resolusie dat die huur nie betaal moet word, sal aanvaar. U het ook geweet daar sal mense wees wat hom nie gaan uitvoer nie? Is dit reg? -- Die mense teenwoordig by die vergadering het geweet van die resolusie. Mense wat ek nie van geweet het of hulle nou saamstem met hierdie resolusie nie, is dié wat nie by die vergadering was nie.

U weet ook dat daar is mense wat hulle wil op ander afdwing wat sal wil seker maak dat ander mense gevolg gee wat hulle wil hê en wat hulle besluit het. Daar is baie sulke mense in die gemeenskap en u weet dit. -- Ek volg nie die vraag nie.

In die gemeenskap, enige gemeenskap, kry ŉ mens altyd die mense wat hulle wil en hulle besluite op ŉ ander een wil afdwing, kyk dat ŉ ander een doen wat hy besluit het? -- Ja, daar is sulke mense in die gemeenskap, maar of dit nou gebeur, weet ek nie.

En u het geweet met hierdie kwessie van die besluit wat daar was dat die verhoogde huur nie betaal moet word nie en die verdere besluit oor die boikot van die raadslede se besighede, dat daar mense in die gemeenskap is wat hierdie goed gaan afdwing op mense wat nie daarmee saamstem nie?

MR BIZOS : I am not very familiar with the precise meaning of "afdwing". The primary meaning in the dictionary is to

extort/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

extort. Is it not in that context?

COURT : No, that is "afpers". It would rather be "enforce your will upon somebody else, that sort of thing. It is not "extort". -- Dit is nie wat ek daar by hierdie vergadering gesien het nie, dat iemand afgedwing sal word om iets uit te voer.

MNR. FICK : Maar u praat mos nou nie die waarheid nie. Hierdie blote vraag wat hierdie man gevra het "What is going to happen to the people who will go and pay the increased rent?" is mos 'n aanduiding dat u geweet het wat gaan kom? U het gesien daar is sulke mense in hierdie vergadering? -- Ek het hier vir die Hof gesê wat ek verstaan wat dit beteken en tweedens, ek het die persoon geken, wat se tipe persoon hy is. Hy is nie 'n persoon wat 'n mens kan aanvaar met 'n normale optrede van 'n mens wat verwag kan word nie.

Maar afgesien nou daarvan dat u sê dat dit Botha is wat dit gesê het en wat u nou oor sy agtergrond sê, dit was mos 'n redelike vraag gewees op die vergadering? -- Hoekom die vraag onredelik was, die vorige vergadering, almal teenwoordig daar het ooreengestem op die resolusie op hierdie punt en die tweede vergadering waar ek nou teenwoordig was, die getal mense het nou 'n bietjie vermeerder en die mense stem nog saam met hierdie resolusie. Hy kom nou met hierdie tipe vraag. Hierdie vraag was eintlik onredelik in die sin dat die vraag eintlik nie nodig was nie.

Maar u self sê u weet daar is mense in die gemeenskap wat nie gehoor gaan gee aan hierdie boikot nie. In die lig daarvan was dit mos 'n baie redelike vraag gewees, wat nou van die mense wat gaan betaal? -- Ek weet nie wat hy bedoel het toe hy die vraag gevra het nie. Wat sy bedoeling was, kan

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek nie sê nie, maar ek het my siening op hierdie vraag soos ek dit aan die Hof oorgedra het.

Toe die vergadering verdaag het, waar is u heen? -- Na die huurmotorstaanplek toe.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die Botha wat die vraag gestel het, u sê hy was nie ŉ man wat redelike vrae vra of wat normaal optree nie. Wat bedoel u? Wat se soort mens is hy? -- Daarby bedoel ek tydens die kampanje wat uitgevoer was teen die verkiesings van die raadslede, het ons ŉ vergadering gehad waar ons besig was toe hy by hierdie vergadering opgedaag het. Met sy aankoms daar sê hy toe dat hy nie saam met hierdie ding van ons stem dat ons daar kom sit nie. Ek haal sy woorde aan "While the township is burning". Daarby het hy bedoel ons sit by hierdie vergadering en die raadslede is in die lokasie besig om hulle self te adverteer dat hulle verkies moet word. Dit wil sê hulle is besig om mense te oorreed. Toe hy dit gesê het, het ons hom weggejaag van die vergadering af en hom meegedeel dat hy uit die spoor is. Toe het ek drank aan hom bespeur. Dus het ons hom weggejaag. Dit is op daardie manier wat ek hom toe geken het.

HOF : U het drank aan sy asem geruik?-- Ja, daar was ŉ drankreuk om hom terwyl hy praat.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Hy gee met ander woorde te kenne dat u sit en viool speel terwyl die dinge in die dorpsgebied aan die kook is, soos wat wyle keiser Nero gespeel het met die viool toe Rome gebrand het. Dit is seker wat hy in gedagte gehad het?

HOF : Na bewering?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Na bewering. -- Ja.

En u was bang met hierdie vraag by die vergadering

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die 19de maak hy weer moles? -- Ek sal sê ja, want wat ek eintlik verstaan het toe hy die eerste keer by daardie vergadering opgedaag het met die woorde wat hy gebesig het daar, dat hy bedoel het dat ons moet liewers die vergadering laat stop en by die woonbuurte ingaan en iets beter tussen die mense gaan doen in uitvoering van die kampanje in plaas van om daar te sit.

U praat nou van die eerste vergadering ten opsigte van verkiesings, nè? -- Ja, dit is die eerste vergadering.

En u was bang vir 'n herhaling van die gesindheid by hierdie vergadering van die 19de? -- Wat ek voor bang was hierso is dat hy nou met 'n ander idee gaan kom, dit wil sê die idee wat nie in die guns van die vergadering was nie, in die sin dat hy dit dalk nou tuis sal wil bring aan die gehoor hier dat wat daar gesê word en die resolusies wat daar geneem word, nie 'n goeie uitslag sal hê nie.

Het dit met ander woorde nie gegaan om stappe wat sal sorg dat die resolusies afgedwing word nie en dat u toe wou verhoed dat dié tipe van optrede op die vergadering bespreek word? --Nee, dit is nie wat in my gedagte was nie.

U gedagte was bloot dat hy gaan nou die voorstelle ver ongeluk deur sy optrede? -- Ja.

MNR. FICK : Is daar enige vryheidsliedere gesing op die vergadering? -- Nee, behalwe aan die einde van die vergadering toe Nkosi Sikilele e Afrika gesing was.

Wat het op die vergadering gebeur wat die verslaggewer van die Sowetan genoop het om dit te beskryf as 'n "emotionally charged" vergadering en een waar daar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat presies stel u aan die getuie? Ek wil dit net afskryf.

MNR. FICK/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. FICK : Wat het op die vergadering gebeur wat die verslaggewer van die Sowetan laat skryf het in BEWYSTUK AAQ7 dat "more then one thousand five hundred angry Sharpeville residents have resolved not to pay new house rents" en hom verder genoop om die vergadering te beskryf as ŉ "emotion charged meeting"? -- Ek weet nie hoe hy dit regverdig om dit so te stel nie, maar wat ek verstaan het is dat die mense wat daar toesprake gelewer het of wie ook al iets te sê gehad het daar het dit gesê omdat daardie persone nie saamstem met die verhoging van die huur nie.

HOF : Ons gaan nou nie daaroor debatteer nie. Die vraag is, is die stelling korrek wat die verslaggewer maak dat die mense "angry" was en dat die vergadering "emotion charged" was? -- Ek sal sê ja, die stelling is korrek in die sin dat terwyl sprekers daar gepraat het en ŉ voorstel gemaak het soos byvoorbeeld ekself, ek het nog nie klaar gepraat toe ek my voorstel gemaak het nie, toe het die gehoor alreeds ŉ aanduiding begin gee dat hulle daarmee akkoord gaan. Van die mense het hande geklap. So, die stelling kan korrek wees.

Dus die "emotion charged" kom van hande klap? -- Nee, dit is om ŉ aanduiding te gee van wat hulle gevoel is oor ŉ sekere ding, dat hy dit so bepaal.

Ons moenie by mekaar verby praat nie, want anders gaan dit uiteindelik geargumenteer word dat u die vrae ontwyk en dit wil ek nie hê nie. Ek wil vir u twee vrae vra. Was die vergadering "emotion charged" en indien wel, waarom sê u so? -- Ekself sal nie sê dat die vergadering "emotion charged" was nie, maar in my vorige antwoord het ek bedoel dat na aanleiding van wat ek nou beskryf het in die hof, het die

verslaggewer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verslaggewer dit dalk so verstaan. Dit is wat ek dink gebeur het in hierdie vergadering.

As hy dit van iets afgelei het, dan moes hy dit afgelei het van hande geklap? -- Nie dit alleen nie. Dit gekoppel aan die slagspreuke "Amandla" en die woorde "Riadumela" ingesluit, het die rol gespeel om die persoon te beïnvloed om daardie woorde te gebruik. Dit word gedoen gemik op iets. Byvoorbeeld, as gevolg van iets wat gesê word, dan gebruik hulle daardie slagspreuke en al die ander woorde om te wys hoe sterk hulle voel teenoor wat ŉ mens teen gekant is, het regverdig dat die persoon dit so skryf.

MNR. FICK : Wat dink u het die verslaggewer genoop om te praat van "angry Sharpeville residents"? -- Dit sal ek ook nie weet nie, maar ek aanvaar dat die sprekers daar het gepraat en ŉ aanduiding gegee dat hulle gekant is teen die verhoging van die huur.

Is dit nie so dat as gevolg van wat die sprekers op die vergadering gesê het, het die gehoor sigbaar kwaad geword nie? -- Ek weet nie, maar dit is nie wat ek dink is die rede nie.

Maar kyk, u was nou op die vergadering, ons was nie daar nie. Het u gesien soos die vergadering aangaan en die sprekers praat word die mense kwater en kwater? --Nee.

HOF : Sou u die mense as "angry" beskryf? -- Ek sou hulle op hierdie manier beskryf het, dat die mense saamgestaam het teen ŉ sekere ding tot op die einde en ŉ oplossing bespreek het en dat hulle nie saamgestem het met wat voorgestel word nie.

Ja-nee, maar ek verstaan nie u antwoord nie. Ek het dan verstaan dat die vergadering betreklik eendragtig was

oor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

oor die voorstelle. Nou sê u hulle het nie saamgestem met wat voorgestel is nie? -- Dit noem ek in vergelyking met die verhoging van huur.

MNR. FICK : In die algemeen gesproke, vergaderings waar u nou al was, as die gehoor opgewonde raak, kwaad raak op die vergaderings, dan begin hulle sing, hulle begin die voete stamp en slagspreuke skreeu. Is dit reg? -- Ek was nog nie by ŉ vergadering gewees waar mense kwaad geword het of kwaad was nie, maar wel by ŉ vergadering waar mense sing en hierdie singery beteken nie dat mense kwaad is nie. Dit is ŉ tradisie van die vergaderings.

Was u al op ŉ vergadering of het u al gesien dat op vergaderings waar die gehoor opgerui raak of opgewonde raak of opgesweep raak, dan begin hulle naderhand sing en voete stamp, hande klap, skreeu, vryheidsliedere sing?

HOF : As u nou ŉ klomp dinge agtermekaar sê, dan is dit ŉ bietjie moeilik vir die getuie om ŉ antwoord op een daarvan te gee. Wil u ŉ antwoord hê op "opgewonde" of wil u ŉ antwoord hê op "opgerui" of wil u ŉ antwoord hê op "opgesweep"? Vir my is daar ŉ verskil tussen iemand wat opgewonde is en iemand wat opgerui of opgesweep is.

MNR. FICK : Kom ons vat net eers opgewonde. Was u op vergaderings waar die mense opgewonde geraak het oor wat gesê is op die vergadering? -- Ek kan nie van so ŉ vergadering onthou nie. Opgewonde, ek is eintlik nie saam met u nie. Met opgewonde, bedoel u dat die mense opgewonde raak in die sin dat hulle dit nou toon dat hulle kwaad is of bedoel u? Ek is nie saam met u nie. Of miskien bedoel u dat die mense nou aktief moet wees as gevolg van wat gesê is en dan beskryf u dit as opgewonde.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kom ons doen die ding op 'n ander manier. Op die herdenkingsdienste waar u al was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Stel dit liewer baie makliker. Was u al op 'n vergadering waar mense anders opgetree het as wat hulle by 'n kerkdiens sal optree? -- Nee, die vergaderings wat ek ken is heeltemal verskillend van die kerk. Kyk, by die kerk is daar net een persoon wat praat en dit is die predikant en almal moet stil bly. So, dit kan nie vergelyk word met die kerk wat die vergaderings betref nie.

MNR. FICK : Was u op vergaderings waar die mense tydens die vergadering begin voete stamp het? -- Ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U was ook al op vergaderings waar die gehoor geululeer het? -- Dit is so.

U was ook al op vergaderings waar die gehoor vryheidsliedere gesing het? -- Ja, dit is so.

Op hierdie vergaderings waar hierdie vryheidsliedere so gesing word - laat ek vir u so vra. Was u op vergaderings waar al drie plaasgevind het, naamlik dat die gehoor vryheidsliedere sing, dat hulle ululeer, dat hulle voete stamp? -- Ja, dit is so.

En sal u saamstem dat dit gebeur wanneer die gehoor meegevoer raak met wat gesê word deur die sprekers, hulle raak opgewonde? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Was u op enige vergaderings waar van die gehoor al ooit opgesweep is? -- Dit sal ek nie weet nie.

HOF : Hoekom nie? -- In die sin, as 'n spreker 'n toespraak lewer en die gehoor luister daarna en hulle stem saam met

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat die persoon sê, of hulle nou opgesweep word deur wat die persoon sê, al dan nie, sal ek nie kan sê nie. Al wat ek kan sê is, ek was by 'n vergadering gewees waar die gehoor saamgestem het met 'n toespraak of met wat gesê word deur 'n spreker.

Het die gehoor al ooit met u saamgestem? -- Ek sal so sê, ja, want ek kan nie van 'n geval onthou waar ek iets gesê het by 'n vergadering dat die mense saam met my stry daaroor nie.

Het u al die gevoel gehad dat die gehoor so uit u hand eet? -- Dit sal ek nie weet nie, maar wat ek kan sê is, dat ek as voorbeeld kan gee die vergadering van die 19de. Toe ek 'n voorstel gemaak het van die boikot, was die mense bly gewees om dit te hoor. Om dit oor te dra dat hulle bly was, het hulle hande geklap en van hulle het natuurlik mondelings gesê hulle stem saam.

MNR. FICK : Het hulle slagspreuke geskreeu op daardie stadium? -- Ja, van hulle het gesê "Amandla".

Het hulle hulle voete gestamp? -- Nie op die 19de nie, nee.

En toe beskuldigde nr. 19 sy toespraak gemaak het, het die mense ook geskreeu "Amandla Awethu"? -- Ja, daar is van hulle wat geskreeu het.

Telkens wanneer hulle saamstem met iets wat gesê word, dan skreeu hulle die slagspreuke? -- Ja, in die meeste gevalle doen hulle dit.

Ek is nog steeds met u besig met AAQ7. Daar word verder gesê in die eerste kolom van AAQ7 dat die polisie het die vergadering dopgehou, maar dit is nou nie wat ek aan u wil stel nie. Die volgende deel van die sin is "Amid shouting

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of Black power slogans and chanting of songs by die crowd"? -- Ek het alreeds gesê dat dit wel so gebeur het, daar was slagspreuke gewees. Die singery was net die twee liedere "Riaboka morena" en "Nkosi Sikilele Afrika."

Die eerste lied wat u na verwys het, het u reeds gesê beskou u as ŉ lofsang, ŉ "hymn"? -- Dit is so.

Hierdie wat gesê word dat "the chanting of songs", wat sê u daarvan? Is dit reg? Dat die "chanting of songs" gedurende hierdie vergadering aan die gang was? -- Ek neem aan hy praat van die twee wat ek alreeds genoem het.

<u>HOF</u> : Sou hy dit spesifiek meld? Ek het gedink dat "Nkosi" in elk geval altyd gesing word aan die einde van ŉ vergadering? -- Ek weet nie. Soos ek alreeds gesê het, die meeste mense by hierdie vergadering teenwoordig, was ouerige mense gewees. Soos ek gesê het, daar was net twee keer gesing en die twee was die twee liedere wat ek van gepraat het. Ek weet nou nie of die persoon met dit wat hy daar in sy verslag beskryf wil hê dat die twee liedere beskryf word of wat hy in gedagte gehad het nie.

Wat verstaan u onder "Black power slogans"? -- As ek nie verkeerd is nie, hierdie gebalde vuis teken wat hoog gehou word, is ŉ teken van die Black Power Movements van Amerika. Die Black Power Movements van Amerika het ook hierdie teken gebruik. So, ander mense noem dit maar "Black Power Signs".

En die "slogans"? -- Amandla is die "slogans."

<u>MNR. FICK</u> : Wat word oorgedra aan die gehoor of wat dra die gehoor oor met die "Black power sign"? -- Dit is die aanmoediging van eenheid.

Aan die Swartes? -- Ja in AZAPO as organisasie is hoe

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons dit gebruik. Dit is die vereniging van Swartmense. Ek weet nie wat sê die ander organisasies nie.

Ek wil aan u stel dat u weergawe van wat op hierdie vergadering van 19 Augustus gebeur het is vals. Ek wil aan u stel dat die gehoor was inderdaad "angry", kwaad en ek wil aan u stel dat wat u gesê het wat die gehoor kwaad gemaak het was dat u en die ander sprekers het direkte geweld teen die raadstelsel en die raadslede verkondig? -- Ek ontken dit. Ek sal u sê hoekom. Dit sou nie toegelaat geword het dat ŉ persoon van geweld moet praat tussen die ou mense wat in die vergadering teenwoordig is nie.

Wie sou hulle gekeer het? -- Ouerige mense gaan nie daarmee saam as ŉ persoon geweld gebruik nie en die meeste van die persone daar teenwoordig was bejaarde mense gewees.

Maar met die opmars op 3 September waar u was, was daar ook bejaarde mense? -- Ja, dit is so.

Die minderheid? -- Ek kon dit nie bepaal in die hele optog nie. Al wat ek kan sê is, hulle was teenwoordig.

Ons was laas by die vergadering van 19 Augustus wat toe nou verdaag het. Waarheen is u toe? Na die huurmotors toe? -- Ja.

Toe die vergadering verdaag het, waar is beskuldigde nr. 3 heen? -- Ek kan nie onthou nie, want ek het nie na hom toe gegaan nie. Dus kan ek nie onthou watter koers hy geneem het nie.

En beskuldigde nr. 16? -- Dieselfde geld ten opsigte van beskuldigde nr. 16.

Het u ŉ huurmotor gehaal? -- Dit is so.

Is u bekend met die huurmotoreienaars in Sharpeville? -- Nee.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u daar in ŉ huurmotor geklim en gery? -- Dit is so.

Wie se huurmotor was dit? -- Ek weet nie.

Hoe kan u nou so sê? U het nou net verkondig die huurmotors moet geboikot word en nou klim u in ŉ huurmotor en u weet nie wie s'n dit is nie?

MR BIZOS : That is not the evidence.

MNR. FICK : U het nou net verkondig op die vergadering dat raadslede se huurmotors moet geboikot word, maar u vra nie in wie se huurmotor klim u nou nie. U verbreek dalk die boikot wat u voorgestel het? -- Ja, maar ek het gesê ek weet nie almal die raadslede is in Sharpeville nie. Ek weet net van een persoon wat ŉ lid is van die raad.

Destemeer, hier kom u van ŉ vergadering af waar u voorgestel het die raadslede se huurmotors moet geboikot word. Hoekom vra u nie "Maar is dit ŉ raadslid se huurmotor? Kan ek hom klim? Wie s'n is dit?" nie? -- Ek het aanvaar dat hierdie huurmotor behoort nie aan die raadslid wat aan my bekend is nie.

U ken nie die raadslede van Sharpeville nie, het u gesê? -- Ja, ek het gesê ek ken net een.

HOF : Waarheen lei die kruisondervraging nou? Wil u hom aantoon as ŉ boikotverbreker en indien wel, wat help dit die saak?

MNR. FICK : Ek sal dit daar laat. Voor u in hierdie huurmotor geklim het, het u nie na beskuldigde nr. 3 se huis toe gegaan nie? -- Nee.

Maar hoekom nie? U hoor op hierdie vergadering - altans by die vergadering is u bewus daarvan daar is gepraat op ŉ vorige vergadering van ŉ petisie, u sien niks op hierdie vergadering van ŉ petisie nie, hoekom gaan u na beskuldigde

nr. 3/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nr. 3, u ken hom mos nou, en gaan vra vir hom "Verduidelik vir my hoe werk hierdie storie van die petisie, dat ek ook kan hoor hoe werk dit" nie? -- Ek het aanvaar dat die petisie se geval alreeds bespreek was en dit is afgehandel. So, ek het nie verder as dit gedink nie.

Was daar op daardie stadium enige rede waarom u enige van die gebeure op die vergadering van 19 Augustus nie aan u komitee, die AZAPO Vaal taak se bestuur wou bekend maak nie? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie. Ek het dit net bespreek met die mense wat ek raakgeloop het. Daar was eintlik nie ŉ rede vir my om ŉ verslag daaromtrent te gaan doen by die vergadering nie.

HOF : Was die vergadering nie die belangrikste verwikkeling in ŉ lang tyd in Sebokeng, sê maar in die Vaal nie? -- Ek weet nie of dit so was nie, maar ek het net aanvaar dit is die gemeenskap se vergadering.

MNR. FICK : U het gister vir ons probeer vertel AZAPO werk werk saam met die gemeenskap in die gemeenskap. Hoekom het AZAPO nie in hierdie geval iets gedoen om saam met die gemeenskap en in die gemeenskap te werk toe hulle bewus word van hierdie resolusies nie? -- Wat ek gesê het omtrent AZAPO wat met die gemeenskap werk, het ek bedoel dat AZAPO, dit wil sê die lede van AZAPO, is tussen die gemeenskap. Dus wat deur die gemeenskap uitgevoer word, voer hulle ook uit. Ek het nie bedoel dat AZAPO as ŉ organisasie die gemeenskap gaan nader en sê dit is nou AZAPO, ŉ gemeenskap wat sê dat hulle gaan saam met die gemeenskap werk nie. Dit is nie die boodskap wat ek oorgedra het nie.

HOF : Dit sou dan daarop neerkom dat in hierdie hele huurdispuut AZAPO totaal onaktief sou wees as organisasie? --

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, dit is so.

MNR. FICK : Met watter van u lede het u gepraat oor hierdie vergadering van 19 Augustus? -- Ek onthou net van hierdie wat naby my woon, naamlik Modise Lehoko, Kabelo Khoetha, Debogo Khoetha. Dit is nou die mense wat in die onmiddellike omgewing van my woon.

Het u en hierdie persone met wie u gepraat het enige besluite geneem oor wat julle wil doen in verband met hierdie vergadering van 19 Augustus en verdere vergaderings? -- Nee.

Het u hulle nie genooi na die volgende vergadering toe nie? -- Nee.

Hoekom nie? -- Dit was nie nodig gewees nie.

Het hulle uit hulle eie gesê hulle sal na die vergadering toe kom? -- Nee, hulle het nie so gesê nie.

Op daardie stadium, het u die VCA al geken as organisasie in die Vaal? -- Ja, dit is so. Ek het geweet van die bestaan van die VCA.

U het ook geweet van die feit dat Lord McCamel en Esau Raditsela op die bestuur is van die VCA op daardie stadium? -- Dit is so.

Het u Esau Raditsela geken op daardie stadium? -- Ja, ek het hom geken. Ek het hom geken wie hy is, maar ek het nog nie 'n onderhandeling met hom gehad nie.

HOF : 'n Gesprek? -- Ons het mekaar leer ken deur 'n partytjie wat gehou was. Dit is waar ek hom ontmoet het. So, daar was nie 'n gesprek wat ek spesifiek kan noem dat dit 'n gesprek is wat uitgevoer is tussen my en hom by hierdie partytjie nie. Ek het dit toe te hore gekom dat hy 'n amptenaar is van die VCA.

MNR. FICK : En Lord McCamel was bekend aan u. Hy was 'n

baie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

baie bekende figuur in die Vaal? -- Ja, ek het hom geken.

En u het op daardie stadium ook geweet wat die VCA se standpunt is met betrekking tot raadslede, dat hulle raadslede nie aanvaar nie? -- Ek was daarvan bewus dat die VCA ŉ kampanje uitgevoer het teen die verkiesing van die raadslede.

Het u geweet of VCA op daardie stadium enige kampanje voer of beplan met betrekking tot huurverhogings? -- Nee.

Nou waarom het u na die vergadering van 19 Augustus toe u nou bewus geword het van wat gedoen word in Sharpeville en wat die besluite is, niks gedoen in die gebied waar u bly in Sebokeng nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek was alleen toe ek soontoe is en tweedens, het ek aanvaar dat die uitslag van Sharpeville tot ons voordeel gaan wees en het ek nie daaraan gedink nie.

Wil u werklik vir hierdie Hof sê u wat vir hierdie Hof al vertel het van die "unity" waarvoor AZAPO hom beywer onder die Swartmense, dat u het nie daaraan gedink dat u moet probeer ŉ vergadering belê in Sebokeng om te kry dat die mense in Sebokeng enige besluite neem oor raadslede? -- Ek het gister verduidelik dat dit nie die werksmetode is van AZAPO nie en tweedens, dit was nie die eerste keer dat huur verhoog word terwyl AZAPO alreeds in die Vaal bestaan het nie.

<u>HOF</u> : Het u vantevore ook niks gedoen nie? -- Dit is so.

Het iemand anders vantevore iets gedoen? -- Ek weet van die koerantverslae waar die mense briewe geskryf het en die gevoelens van hulle in die koerantberigte uitgespreek het. Van hulle het ŉ onderhoud gevoer met die verslaggewer.

<u>MNR. FICK</u> : U het besluit om na die vergadering van 26 Augustus weer te gaan? -- Ja, dit is so.

Waarom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waarom wou u na hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 gaan? -- Ek het na hierdie vergadering toe gegaan omdat ek by die vorige vergadering teenwoordig was en tweedens, ek het gehoor dat daar nog 'n vergadering gehou gaan word op hierdie datum.

U sê hierdie vergadering van 26 Augustus was geopen deur ene mnr. Thapeli? -- Dit is so.

Nou wil ek dit net duidelik kry. Is dit dieselfde persoon as wat u beweer by wie se huis later BEWYSSTUK 25 se gelyke voorgespeel is? -- Dit is so.

Is mnr. Thapeli lid van AZAPO? -- Dit is so, ja.

Wie was die voorsitter by hierdie vergadering? -- Peter Hlubi.

Het u voor hierdie vergadering weer na beskuldigde nr. 3 se huis toe gegaan? -- Nee.

Toe u by die vergadering opdaag, wat was aan die gang? -- Hulle was besig om "Riaboka morena" te sing.

En beskuldigde nr. 3, waar was hy? -- Ek weet nie, maar hy het nog nie by die vergadering opgedaag nie.

Wanneer het hy opgedaag by hierdie vergadering? Op watter stadium? -- Ek kan nie onthou op watter stadium hy daar opgedaag het nie, maar toe ek daar 'n toespraak gelewer het, toe ek die kans gekry het om te praat, was hy alreeds teenwoordig gewees.

Waar het u hom gesien toe u beskuldigde nr. 3 die eerste keer sien by die vergadering? -- Ek onthou nie waar ek hom gesien het nie, maar ek het gesien dat hy teenwoordig is.

Was hy by die sprekers voor? -- Hy het daar voor saam met die voorsitter gesit. Daar was nie spesifieke sprekers gewees nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het beskuldigde nr. 3 gepraat op hierdie vergadering? -- Ja, hy het oor baie dinge gehandel op hierdie vergadering op verskillende tye.

Het beskuldigde nr. 3 verduidelik waar kom hy vandaan dat hy laat is? -- Ek onthou nie. Ek vermoed dat hy wel gesê het, maar ek kan nie onthou nie.

Wie was die eerste spreker op hierdie vergadering? -- Na die gebed was ek die eerste persoon wat gepraat het.

Hoe het dit gekom dat u praat? -- Terwyl ek daar tussen die gehoor gesit het, is ek genader deur Nozipo wat deur Peter Hlubi gestuur was om my te kom nooi dat ek daar voor moet kom sit.

Het u toe op die verhoog gaan sit, op die platform? -- Dit is so.

Hoe het dit gekom dat u praat? -- Peter Hlubi verneem toe van my of daar iets is wat ek wil sê waarop ek toe bevestigend geantwoord het.

Wat wou u sê ? -- Ek wou gepraat het van hierdie gebeure van die boikot, dat dit nie 'n sukses is nie.

Hoe het u geweet die boikot is nie 'n sukses nie? -- Ek het daarvan bewus geword na Peter Hlubi die resolusies aan die gehoor gelees het en toe die vraag gestel het aan die gehoor of dit nou uitgevoer word. Die meerderheid van die gehoor het geantwoord en gesê dat dit nie gebeur nie.

Was daar enige bespreking gevoer voor u gepraat het oor hoekom die boikot nie 'n sukses is nie? -- Dit was nog nie genoem nie, maar die voorsitter het dit duidelik gemaak dat hy nie tevrede is as gevolg van die optrede van die mense nie om nie saam te trek nie.

Ek wil net absolute duidelikheid kry. Voor u gepraat

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het, het niemand op daardie vergadering gesê kyk, dit is die rede hoekom die boikot nie ʼn sukses is nie? -- Niemand nie.

Wat sê u toe vir die gehoor? -- Wat ek gesê het was dat met hierdie voorstel waar daar later ʼn resolusie was dat ons die besighede van die raadslede moet boikot, beteken dit nie dat ons die vyandskap bevorder tussen die gemeenskap en die raadslede nie. Al wat ons doen is om ons gevoelens bekend te maak oor dit wat ons nie aanvaar nie. Ek het ook verder gesê die gemeenskap moet nie die indruk kry dat hierdie mense wat van hierdie dinge praat wil eintlik hê dat hulle die persone moet wees wat dan gaan dien as raadslede nie. Ek het toe gevra vir ʼn goeie samewerking om in staat te wees dat ons kan vorder. Dit is wat ek onthou ek gesê het.

Maar het dit nie by u of die voorsitter opgekom om vir die gehoor te sê maar laat ons oor stem oor die resolusie nie? Dit lyk vir my die ding is nie aanvaarbaar vir die meerderheid

K724 nie, want die meerderheid voer hom nie uit nie? -- Gedeeltelik, ja, is dit so, maar dit was eintlik nie my bedoeling gewees nie. Eintlik was my bedoeling hier om te verduidelik aan die ouer mense wat die doel is van hierdie boikot, want volgens my kennis, die ouerige mense is nie gewoond aan boikotte nie.

Ek stel dit aan u die rede waarom nòg u nòg Hlubi of wie die voorsitter ook al was van hierdie vergadering nie by die gehoor wou verneem wat is die rede waarom hierdie boikot nie slaag nie, was u was te bang gewees daar kom ʼn bespreking en die resolusie word teruggetrek dat daar ʼn boikot sal wees? -- As daar so ʼn gesprek was, het ek geen mag gehad om dit te stop nie en ek weet nie hoekom Peter Hlubi dit nie geopper het nie. Soos u dit nou aan my stel, is wat u sou verwag het.

Ek het ʼn probleem. U is nie van Sharpeville nie. Die

mense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense van Sharpeville voer nie hierdie boikot uit nie. nie die voorsitter, Hlubi, wat u beweer van Sharpeville is nie, maar u vra nie vir die gehoor wat is die rede hoekom wil julle dit nie doen nie? U gaan net verder en u probeer hulle verder oortuig dat die boikot moet slaag? -- Ek het alreeds aan u gesê ek weet nie hoekom Hlubi dit nie geopper het nie. Dit het by my gekom toe ek hierdie kans aangebied was om te praat. As ek nie die kans gehad het nie, sou ek dit ook nie gemeld het nie.

Hoekom het u eenvoudig nie net vir die voorsitter gesê "Kyk, ek is nie van Sharpeville nie. Laat die mense self praat en sê hoekom wil hulle nie die boikot uitvoer nie? -- Ek sou dit nie gesê het nie, want die voorsitter in die eerste plek het nie geweet waaroor ek gaan handel in dit wat ek gaan sê nie en ek het hom ook nie gesê nie en hy het ook nie gevra nie. Dus was hy nie ingelig daaromtrent nie.

Ek dink u ontwyk die vraag. As ŉ man van Sharpeville, jy, vir die voorsitter, gesê het "Ek wil nie praat nie, laat die mense van Sharpeville self sê hoekom hulle nie die boikot uitvoer nie"? -- Ek het vroeër gesê omdat ek by hierdie vergadering teenwoordig was, het ek myself beskou as ŉ gedeelte van die vergadering of ŉ gedeelte van die gemeenskap by die vergadering teenwoordig.

As die gemeenskap van hulle kant af geen rede gegee het waaroor hulle hierdie boikot nie uitvoer nie, om watter rede het u begin praat van haat teenoor raadslede? -- Ek het hier verduidelik dat die meerderheid van die mense teenwoordig by hierdie vergadering ouerige mense was. Die meeste van kere is dit baie moeilik vir ŉ ouerige persoon om op te hou met ŉ gewoonte wat die persoon aan gewoond is. Byvoorbeeld om ŉ

sekere/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sekere ding te koop van ŉ sekere winkel. Dit is een van die dinge wat in gedagte was. Die ou mense dink daaraan dat as hulle nou nie meer by daardie plek gaan koop waar ek altyd gekoop het nie, kan dit miskien gesien word dat ek nou die mense haat. Dit is hoekom ek nie meer daar gaan koop nie.

En om watter rede het u vir die gehoor gesê dat die boikot was nie - u wil nie die idee skep dat die mense wat by die vergadering praat is die mense wat gaan oorneem by die raadslede nie? -- Dit is ook die haat wat ook betrokke is. Byvoorbeeld as hulle nou dink aan die selfbelange.

<u>HOF</u> : Ek begryp nie mooi nie? -- Daarby bedoel ek, ek wou die mense laat verstaan het dat daar van hulle is wat my byvoorbeeld nie ken nie en ek is die persoon wat met hierdie voorstel gekom het. Hulle moet nou nie die indruk kry dat ek en die ander sprekers by hierdie vergadering praat so omdat ons ons eie belange wil behou en laat vorder deur om op die raad te gaan dien en by die huidige raadslede oorneem nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : So, u het gepraat van uself en die sprekers wat nie sal oorneem by die raad nie? -- Ja, eintlik wat ek gesê het was dat die mense moet verstaan wat die doel van die boikot is van hierdie sake, dat dit net die boikot is en nie met die bedoeling dat ons, die persone, naamlik myself byvoorbeeld, en die ander persone wat iets te sê gehad het by hierdie vergadering is van voorneme om oor te neem by die huidige raadslede nie, maar hulle moet dit verstaan net as ŉ boikot.

<u>MNR. FICK</u> : Toe u dit nou vir die gehoor gesê het en hier is nou ŉ resolusie dat die raadslede moet bedank, het u seker vir die gehoor gesê maar wat u eintlik bedoel, wie gaan

nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nou oorneem by die raadslede, as dit nie u is nie? -- Nee, ek het nie gesê nie.

Wie moes oorgeneem het by die raadslede wat bedank? -- Dit was nie gesê by hierdie vergadering nie, maar volgens my eie kennis sou die raad, dit wil sê die Administrasieraad, oorgeneem het.

HOF : Was dit u gedagte? -- Dit was my kennis gewees.

Hoe kon die Administrasieraad oorneem as net twee raadslede van Sharpeville bedank? -- Nee, ek praat nie net van Sharpeville nie. Ek praat van in geval al die raadslede in die Vaal bedank. U sal onthou ek het gepraat van dit wat gedoen word in Sharpeville kan tot voordeel wees vir die Vaal as geheel.

MNR. FICK : Hierdie kennis wat u het dat die raad gaan oorneem, waar kom u aan die kennis? -- Ek was daarvan bewus dat die Minister in bevel van die raadslede se stelsels die mag het om 'n raad wat nie die Minister tevrede stel nie, te verwyder en dit tye vervang met òf die Administrasieraad òf die Ontwikkelingsraad òf wie ook al wat goed gesien word deur die Minister.

Het u met enigiemand van die Anti-Rent komitee van Sharpeville die kwessie bespreek van wat gaan gebeur as die raadslede bedank? -- Nee, ek het dit met niemand bespreek nie.

Maar het u nie op enige van die vergaderings daar op Sharpeville vir die gehoor gesê, die 19de of die 26ste se vergadering, maar weet julle wat gaan gebeur as hierdie raadslede so ver kom om te bedank? Die Minister kan dalk net ander weer aanstel? -- Nee, ek het dit met niemand bespreek nie.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Waar het u die kennis opgedoen? -- Ek onthou dat ek daarvan gelees het in die koerante asook van sekere dokumente van die Institute of Race Relations. Dit is toe daar besprekings uitgevoer was oor die raadslede wat nie die magte het nie.

Wanneer was dit? -- Gedurende die jaar 1983.

Voor of na die verkiesings? -- Dit is voor die verkiesings waar hulle nou ŉ vergelyking gemaak het met die BLA. Wat daar eintlik gesê was, was dat hulle net presies dieselfde was. Hulle het ook nie die magte nie.

Het u toe die kennis opgedoen dat dit vervang kan word deur die raad en die Ontwikkelingsraad? -- Op daardie tydstip wat dit bespreek was, was dit die Administrasieraad.

Wat daar gesê is is dat as die raad sou wegval, die Administrasieraad sy funksie sal oorneem? -- Dit is so.

MNR. FICK : Hierdie 1983 waar u hierdie kennis opgedoen het, was u op wat julle noem ŉ "workshop"? -- Nee, ek was nog nie by ŉ "workshop" gewees nie.

Was dit ŉ seminaar? -- Nee, ek sê ek het op my eie hierdie goed gelees.

Was dit nie bespreek op die AZAPO kongres nie? -- Daar is iemand wat melding daarvan gemaak het, maar die persoon het dit nie in fynere punte bespreek nie.

HOF : Dit is nou die kongres waar u was? -- Ja.

MNR. FICK : En het u aan die gehoor met hierdie verduideliking van u verduidelik dat die boikot is daar om die raadslede te dwing om te bedank? -- Ek het nie gesê dit is bedoel om hulle te dwing om te bedank nie. Ek het gesê dit is een van die maniere wat ons duidelik wil maak.

Een van die maniere wat u wat wil duidelik maak? --

Daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Daar was ŉ resolusie geneem dat die raadslede moet bedank. So, die boikot van die sake van die raadslede was om dit sterker te maak dat hulle moet verstaan dat hulle, die raadslede, moet bedank.

En die boikot sou aangaan tot die raadslede bedank? -- Dit was die ooreenkoms by hierdie vergadering.

HOF : Hierdie vergadering is nou watter vergadering wat u van praat? -- Dit was die ooreenkoms by die vergadering van die 19de.

MNR. FICK : Maar dit was ook weer bevestig by die vergadering van 26 Augustus dat dit die doel van die boikot is, dit moet aanhou tot die raadslede bedank? -- Dit is so.

En die raadslede is almal besigheidsmanne. Dit is waaruit hulle hulle bestaan maak uit besighede uit?

HOF : Is dit ŉ stelling wat u maak?

MNR. FICK : Ek vra.

HOF : Dan moet u u stem so ŉ bietjie verhef aan die einde van die sin.

MNR. FICK : Is dit so? -- Die meerderheid van die raadslede is besigheidsmanne. Soos ek alreeds vroeër gesê het, ek het net van een raadslid gehoor in Sharpeville. Hy was ook ŉ besigheidsman.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie is hy? -- Kolisang.

HOF : Het ons hom hier in die hof gehad of nie? -- Nee.

MNR. FICK : Is dit nie so dat hierdie raadslede kon net bedank as hulle nie bankrot wil speel nie?

HOF : Nee, dit hang seker af hoe effektief die boikot is. Miskien het hulle ander inkomste, ŉ rentenier miskien. Daar is baie moontlikhede,

MNR. FICK : Sover as wat dit u kennis aangaan - ek sal

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die vraag terugtrek. Wou julle nie met die boikot wys vir die raadslede dat hulle moet bedank nie? Want as hulle nie bedank nie, gaan hulle ernstige finansiële skade ly die meerderheid van hulle wat sakemanne is?

HOF : Ek weet nie wat die pit van die kruisverhoor is nie. Die getuie het gesê die boikot is een van die maniere waarop ons die ding wou duidelik maak, dat hulle moet verstaan dat hulle moet bedank. Nou wil u dit oor en oor gesê hê?

MNR. FICK : Net een stelling daaroor. U wou nie net duidelik maak dat hulle moes bedank nie. U wou die boikot gebruik as 'n beweegmiddel dat hulle bedank? -- Die idee van die boikot was dat hulle bedank.

Die vergadering van 26 Augustus, hoeveel mense sal u sê was op hierdie vergadering? -- Duisend plus.

En watter deel van hierdie gehoor was jeugdiges? -- Daar was baie min in getal van die jeug by hierdie gehoor. Ek sal sê hulle was minder as 'n kwart van die mense teenwoordig daar by hierdie vergadering.

HOF : As jeugdiges beskou u van watter ouderdom tot watter ouderdom? -- Tussen 18 en 30 is die ouderdomme wat ek na verwys.

MNR. FICK : Na u op die vergadering gepraat het, wie het gepraat? -- Ek onthou van 'n sekere bejaarde vrou wat gepraat het. Ek weet nie wat haar naam is nie. U moet my so verstaan. As ek sê na ek gepraat het het sy gepraat, sluit ek dit uit die voorsitter, want hy sal elke keer iets te sê hê in op merkings na elke spreker. So, ek tel nie die voorsitter by nie.

Net voor ons by die bejaarde dame se toespraak kom. Aan die einde van u toespraak, het u gesê - ek kwoteer uit

bladsy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bladsy 11 661 Volume 220 "I was asking for unity and co-operation in order to succeed in what we wanted to carry out." Wat bedoel u daarmee? -- U moet my mooi verstaan daar. Ek bedoel nie dat ek direk daardie woorde daar gebruik het nie, maar wat ek eintlik oorgedra het, die boodskap, was dat ons ooreengekom het oor iets op hierdie vergadering. So, ons moet nou so werk soos ons ooreengekom het met verwysing na die boikot wat uitgevoer moet word.

Wie almal het u by hierdie "ons" ingesluit, die "we" wat u van praat? -- Daarmee het ek verwys na die persone wat by die vergadering van die 19de teenwoordig was, wat daaromtrent ooreengekom het.

Die bejaarde dame wat u beskryf het as ŉ "granny", ŉ ouma, wat het sy gesê op die vergadering? -- Sy het van die busse gepraat wat gedurende die week met klippe bestook was, waarin sy gesê het dit was gedoen deur die jeug en die beroep gemaak het dat die jeug nie betrokke moet raak aangaande die huur nie, want die ouers sal daaromtrent handel.

<u>HOF</u> : Het sy die bestoking van die busse in verband gebring met die huur? -- Volgens wat sy daar gesê het, ja. Al het sy nie aan die begin van haar toespraak gesê of ŉ aanduiding gegee het dat sy daarvan bewus is dat die bestoking van die busse te doene het met die huurverhoging nie.

<u>MNR. FICK</u> : Het iemand haar daar op die vergadering uitgevra oor die gebeure, dat sy meer moet verduidelik oor die gebeure? -- Nee, want na sy gepraat het, het beskuldigde nr. 3 toe gepraat, wie ook maar oor dieselfde ding gehandel het.

Het sy gesê waar hierdie bestoking van die busse plaasgevind het? -- Nee, maar ek het aanvaar dat sy van ŉ gebeure praat wat in Sharpeville plaasgevind het.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat, indien enigiets, het u geweet van die gebeure, die bestoking van die busse? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

Behalwe die bejaarde dame, het enigiemand anders op die vergadering te kenne gegee dat hy weet van die voorval? -- Daar was ŉ derde persoon gewees. Ek sal u sê, eers die ouma, ek kan nou net nie met sekerheid sê of dit nou die derde persoon was na die ouma of beskuldigde nr. 3 nie, maar die drie persone het melding gemaak van hierdie voorval.

Wat het die derde persoon gesê van hierdie voorval? -- Wat ek onthou wat die derde persoon gesê het was dieselfde soos die ander twee. Dit wil sê dat die kinders nie moet deelneem aan hierdie ding van die huur nie. Dit is vir die ouers om toe te sien aangaande dit.

Ons het êrens mekaar verkeerd verstaan. Behalwe die bejaarde dame, is daar enigiemand anders op die vergadering wat kennis gedra het van wat gebeur het met die klipgooiery of die busgooiery? -- Ek het aanvaar dat hierdie twee persone na die ouma wat ook hieroor gehandel het, het ook kennis hiervan gehad.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Wie was die tweede persoon? -- Dit was beskuldigde nr. 3.

<u>MNR. FICK</u> : Het beskuldigde nr. 3 enigiets gesê in verband met die voorval toe die klippe gegooi is na die busse, wat daar gebeur het en hoekom dit gebeur het? -- Nee, niemand het so gepraat by hierdie vergadering nie.

Het die vergadering - of laat ek vir u so vra. Wat was beskuldigde nr. 3 se houding oor die dame se versoek dat die jeug nie moet deelneem aan die boikot nie? Ekskuus, aan die huurverhogings?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wat is dit wat u nou aan die getuie stel?

MNR. FICK : Wat was beskuldigde nr. 3 se houding met betrekking tot die dame se versoek dat die jeug nie moet deel wees van hierdie kampanje met betrekking tot die huurverhogings nie?

MR BIZOS : The accused has not spoken of a campaign.

HOF : Nee, dit is nie wat die getuie sê nie.

MNR. FICK : Kom ek kwoteer vir u uit die notule uit. Wat was beskuldigde nr. 3 se houding oor die dame se versoek dat die jeug "must not be involved in the question of rent"? -- Ek kan nie sy direkte woorde presies aanhaal nie, maar wat ek wel kan onthou is dat hy gesê het die jeug moet die ouers hierdie kans aanbied.

Is dit al wat hy gesê het, beskuldigde nr. 3? -- Hy het lank gepraat. Hy het iets te sê gehad, maar wat ek nou aanhaal hierso is eintlik, sal ek maar sê die slotsom van sy toespraak.

Het die vergadering enige resolusies geneem of besluite geneem met betrekking tot hierdie vraag van die jeug se deelname oor die kwessie van die huur? -- Ek het dit soos volg verstaan, dat dit verstaanbaar was aan die gehoor en die vergadering dat die jeug nie deel moet neem aan die kwessie van die huur nie, maar dit was nie daar uitgebring of direk gesê dat dit nou die resolusie is van die vergadering nie.

Het iemand namens die jeug iets op die vergadering te sê gehad oor die toesprake van die bejaarde dame en beskuldigde nr. 3 dat die jeug nie moet deelneem aan die huurkwessie nie? -- Nee.

Wat was beskuldigde nr. 3 - het hy enige rede gegee hoekom die jeug nie mag deelneem aan die huurkwessie nie?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ek sê ek onthou dat hy tot hierdie slotsom gekom het na hy 'n lang toespraak gelewer het aangaande hierdie aangeleentheid. Wat hy alles gesê het in sy lang toespraak kan ek nie onthou nie.

U kan nie een rede onthou wat hy gegee het nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het beskuldigde nr. 3 oor ander aspekte gepraat op hierdie vergadering behalwe hierdie kwessie van die jeug se deelname aan die huurkwessie? -- Dit is so, ja.

Waaroor het beskuldigde nr. 3 dit nog gehad op hierdie vergadering? -- Ek onthou dat hy gepraat het van die petisies en die "court interdict".

Enige ander aspekte wat hy nog behandel het? -- Hy het die agtergrond gegee alvorens hy melding gemaak het van een van die twee dinge by elkeen van hulle, in die sin dat hy wou gehad het dat die twee aanvaar moet word as resolusies.

Van die petisies en die hofinterdik? -- Ja, dit is so.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K725 OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons het laas gestop waar u gesê het dat beskuldigde nr. 3 het gepraat oor die petisie en die hofinterdik. Kan u vir die Hof sê beskuldigde nr. 3, het hy enigiets te sê gehad oor die petisie? -- Wat hy gesê het is dat die burgemeester het gedurende die week bekend gemaak dat hy nie sal bedank alvorens die mense wat hom op die Raad gekies het hom so versoek dat hy moet bedank nie. Hy het toe gesê die petisie sal dit duidelik maak dat dit so bedoel word dat hy moet bedank en tweedens die petisie sal gebruik kan word tydens die gaan na 'n

prokureur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

prokureur toe en dit duidelik maak dat dit die versoek is vir die bedanking.

HOF : Kan ek net 'n bietjie duidelikheid hieroor kry. Die burgermeester, was dit Mahlatsi? -- Dit is so.

En van watter wyk is hy? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hy nou in Gebied 11 is of Gebied 14 nie.

Wat se nut sal 'n petisie in Sharpeville hê ten aansien van die wense van die inwoners van Gebied 11 of Gebied 14? -- Ek het aanvaar dat die petisie bedoel is vir die dorpsraad en Mahlatsi is die een wat die hoogste gesag het van die dorpsraad. Dus sal dit hom bereik. Met ander woorde, die verklaring wat hy gemaak het, het hy gemaak namens die ander raadslede ook.

Ja, maar ek het begryp dat hy gesê het die mense wat hom gekies het moet hom versoek om te bedank? --Ja, dit is die verslag wat deur beskuldigde nr. 3 gemaak was by hierdie verklaring, dat dit die verslag is wat hy gesê het.

Maar is dit dan nie die gedagte dat die petisie in die hele Lekoa moet sirkuleer sodat die hele raad bedank nie? -- Nee, die petisie wat hier bespreek is, was bedoel vir Sharpeville, nie vir die hele Vaal nie.

MNR. FICK : Maar nou, as die burgermeester gesê het hy sal bedank as die mense wat hom verkies het vra dat hy bedank, hoe het u gedink, hy sal mos nie reageer op mense van Sharpeville wat 'n petisie voltooi en sê raadslede moet bedank en dat hy gaan bedank nie, want die mense van Sharpeville het hom nie gekies nie? -- Ja, dit is so, maar nou, ek het verstaan dat hy hierdie verklaring gemaak het omdat die beroep gemik was op die raadslede wat onder hom sorteer te Sharpeville en waarvan ek wel geweet het is dat sedert die beroep gemaak

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is tot en met 26 Augustus was dit die enigste petisie wat gemeld kon word sover as wat ek weet.

Ek het u vroeër verstaan, u het die ding ingesien as dat julle van Sharpeville ŉ proefkonyn wil maak. As julle daarin slaag, sal julle iets doen in ander gebiede? -- Nee, dit is nie wat ek gesê het nie. Wat ek gesê het is dat wat Sharpeville se mense sal behaal tot die voordeel van die inwoners van Sharpeville sal geld vir die ander inwoners van die Vaal, want Sharpeville vorm ŉ gedeelte van die Vaal as geheel.

Maar het niemand op hierdie vergadering gesê "Maar as die burgermeester gesê het hy gaan bedank as hy so versoek word, laat ons vergaderings belê in ander plekke Gebied 11 byvoorbeeld waar die burgermeester bly, dat daar ook petisies voltooi word en hoor of die mense nie ook daar wil hê hy moet bedank nie"? -- Nee, niemand het so ŉ voorstel gemaak nie. Ek het aanvaar dat die mense daar hierdie verklaring verstaan het soos ek dit verstaan het.

Is daar op die vergadering gesê wie hierdie petisie gaan optrek? -- Ek onthou nie dat dit gesê was nie. Wat ek wel onthou is, daar was ŉ bespreking gewees oor hoe die petisie uitgevoer gaan word.

HOF : Wanneer u sê uitgevoer gaan word, bedoel u geteken gaan word of wat? -- Daarby bedoel ek hoe dit geteken sal word. Byvoorbeeld, daar sou meer as een petisievorms wees vir die hele area van Sharpeville. Dan moet die mense besluit hoe hulle dit gaan verdeel. Dit wil sê die woonbuurt verdeel vir elkeen wat die petisievorm by hom sal hê om die handtekeninge te bekom.

MNR. FICK : Nou vra ek vir u, is daar op hierdie vergadering

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê wie gaan hierdie petisievorm opstel sodat dit uitgedeel kan word aan die mense? -- Nee, ek onthou nie dat dit bespreek is nie.

Het julle bespreek wat die bewoording van die petisie gaan wees? -- Nee.

Het julle bespreek wat julle gaan vra in die petisie? -- Ek het verstaan dat hierdie petisie gemaak word om die raadslede te versoek dat hulle moet bedank.

Is daar niks besluit oor die bewoording van die petisie met betrekking tot die huurverhoging nie? -- Nee.

Is op die vergadering iemand uitgewys wat die petisie moet uitskryf? -- Ek sê ek onthou nie dat dit so bespreek was of enige melding daarvan gemaak was nie, maar wat ek kan sê is ek het in die vergadering gesien dat daar 'n papier gegee word wat deur verskillende persone geteken was.

Het die vergadering persone aangewys wat die petisie moes rondneem om die handtekeninge te kry? -- Ek onthou nie dat dit gebeur het nie. Wat ek wel kan onthou is dat daar was besprekings uitgevoer oor die verdeling van die area maar wie die werk sal uitvoer, dit wil sê die rondneem van die petisie, kan ek nie onthou dat dit bespreek is nie.

U sou sekerlik onthou het as daar mense aangewys is wat die werk moet doen? -- Ja, dit is juis die punt hoekom ek sê ek kan nie onthou nie. Dit wil sê ek sê nie dat hulle daar uitgewys was of nie. Wat ek sê is, ek kan nie onthou dat ek gesien het wie die persone is wat uitgewys is nie.

Hierdie stertjie agter aan u antwoord skep vir my probleme. Is daar persone uitgewys maar u weet nie wie hulle is nie of is daar nie persone uitgewys nie? Wat sê u? -- Ek sê ek onthou nie dat dit gebeur het nie. Dit is juis die rede

hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hoekom ek nie kan sê of daar enigiemand uitgewys was ter uitvoering van hierdie taak nie.

Is daar op die vergadering gesê wat die persone wat die handtekeninge versamel het met die petisievorms moet maak nadat hulle die handtekeninge op die vorms gekry het? -- Wat ek gehoor het is dat die petisies sal die volgende week terug wees.

By die volgende vergadering of by 'n sekere ander plek? -- Die indruk wat ek daaromtrent gekry het was dat by die volgende vergadering sal die petisies terugbesorg moet word.

Het julle op hierdie vergadering besluit wat na die petisievorms voltooi is, met dit gemaak sal word? -- Wat ek wel onthou is dat melding gemaak was van hierdie petisies ook aan die regsverteenwoordigers of die prokureurs getoon sal word waar die aansoek gedoen gaan word vir die "court interdict" dat aan hom gesê word dit is die mense wat die mandaat gee vir die uitvoering van die hofinterdik.

Is daar op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 besluit wat met hierdie petisievorms nog gemaak moet word behalwe dat dit by die interdik gebruik moet word? -- Ek het alreeds verduidelik dat hierdie petisies is bedoel vir die versoek dat die mense wat daarin genoem word, moet bedank. Dit is die twee redes wat ek nou genoem het.

Is op hierdie vergadering besluit wanneer - eerstens aan wie dit oorhandig sou word? -- Nee, ek onthou nie dat dit genoem was nie.

Was daar op hierdie vergadering besluit wie sou hierdie petisievorms gaan oorhandig? -- Nee.

Daar is ook nie op hierdie vergadering besluit aan wie dit oorhandig sal word nie?

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Daardie vraag is al beantwoord.

MNR. FICK : Nadat beskuldigde nr. 3 gepraat het en die persoon wat u die derde man noem wat oor die klipgooiery en die busse gepraat het, behalwe hom nou, is daar nog ŉ ander spreker wat op die vergadering was? -- Ja, dit is so. Daar was ander sprekers gewees.

Wie was die ander sprekers? -- Ek onthou van ŉ persoon wat van geld gepraat het toe daar gepraat was van regsverteenwoordigers. Ek weet net nie wat die persoon se naam is nie.

Is daar besluit op hierdie vergadering wie gaan die koste betaal vir die interdik? -- Ek sê so. Iemand het daar verneem hoeveel ons nou moet bydra vir die kostes, waarop beskuldigde nr. 3 gesê het dat hy die regsverteenwoordiger eers sal gaan sien en dit met hom bespreek.

Voordat ek u vra oor die volgende spreker, wil ek eers by u vasstel, weet u of dieselfde datum 26 Augustus 1984 daar ander vergaderings in die Vaal gehou was oor die kwessie van huurverhogings? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

Het u geweet van die vergadering 26 Augustus waar Gebiede 3 en 7 vergaderings gehou het te Small Farms? -- Ek het dit te hore gekom dat daar ŉ vergadering gaan wees te Small Farms. Dit is die vergadering van VCA. Deur watter gebiede dit gehou sou word, het ek nie geweet nie.

Is dit nie in die gebied waar u woon, Gebied 3 afgekondig dat daar ŉ vergadering gaan wees vir daardie gebied onder andere in Small Farms nie? -- Ek sê ek het nie die kennis gekry vir watter gebiede hierdie vergadering bedoel is nie. Wat ek wel van geweet het is dat dit ŉ VCA vergadering was.

U het nie voor die 26ste pamflette of enige

aankondigings/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aankondigings in u gebied waar u woon gekry met betrekking tot die vergadering te Small Farms nie? -- Ek self het nie daardie pamflet gesien nie. Ek weet nie of dit by my huis afgelewer was nie. Ek is nie daarvan bewus nie. Die rede daarvoor is dat ek is nie altyd tuis nie, dit wil sê in die loop van die dag.

Die dag, die 26ste, was u ook bewus dat daar die vorige dag 25 Augustus 1984 ꞌn vergadering gehou was in Gebied 13? -- Nee.

MR BIZOS : I think it was Zone 12.

MNR. FICK : Ek dink dit is Gebied 13.

HOF : Dek maar beide.

MNR. FICK : Weet u of daar in Gebied 12 ꞌn vergadering was op 25 Augustus 1984 oor huurverhogings? -- Nee.

Het u geweet op die 26ste van massavergaderings wat gehou was oor dieselfde kwessie, die huurkwessie in Bophelong of Boipatong? -- Nee.

Om terug te kom na die vergadering van 26 Augustus 1984 hier te Sharpeville. Daar het ꞌn persoon met die naam van Botha op hierdie vergadering gepraat? -- Dit is so.

Wat het hy te sê gehad vir die vergadering? -- Botha het daar gesê hy verstaan die ding van die petisies wat na die busdienste se mense toe moet gaan, maar wat gaan gedoen word indien die busse nou op die 3de ry.

Het Botha enigsins verder uitgebrei op wat u nou net gesê het? -- Botha het by hierdie vergadering ꞌn vraag gestel. In sy vraag het hy ꞌn aanduiding gegee dat hy die petisie ondersteun. Terselfdertyd het hy die datum van die 3de in dieselfde asem bygebring. Dit het daarop gedui dat hy eintlik nie die petisie verstaan wat hy ondersteun nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het enigeen op die vergadering, hetsy u, die voorsitter of beskuldigde nr. 3 vir Botha gevra om te verduidelik wat bedoel hy nou met die kwessie van die busse en die 3de? -- Nee, beskuldigde nr. 3 was skerp in die antwoord wat hy gegee het na aanleiding van die vraag.

HOF : Hierdie Botha, hoe oud is hy? -- Ek het nie met Botha lank gebly om te kan sê wat sy ouderdom is nie, maar ek skat hom tussen die ouderdom 29 en 30.

En is hy van Sharpeville? -- Ek dink so.

MNR. FICK : Het niemand op hierdie vergadering van Botha probeer vasstel waar kom hy aan hierdie inligting van busse wat nie die woongebied sal binnekom op die 3de nie? -- Nee.

Hoekom het u hom nie gevvra nie? -- Nee,ek sou hom nie gevra het nie, want ek het alreeds hier verduidelik hoe ek hom beskou het.

HOF : Hoe laat het die vergadering begin in Sharpeville? -- 14h00.

MNR. FICK : na die vergadering, het u gaan ondersoek instel na hierdie bewerings van Botha of dit nie dalk waar is nie? -- Bedoel u ondersoek ingestel waar? By die vergadering of waar?

Enige plek gaan navraag doen oor hierdie kwessie van dat die busse nie die woongebied mag inkom die 3de nie? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie, want ek het hom nie ernstig beskou nie.

Het u ook nie by Esau of Lord McCamel gaan vasstel wat was die resolusies op hulle vergadering dat hulle nie dalk so iets besluit het nie? -- Nee.

Na Botha gepraat het, was daar nog ander sprekers? -- As ek nie fouteer nie, was Botha die laaste persoon wat

iets/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

iets te sê gehad het, want na hy deur beskuldigde nr. 3 vermaan was, is hierdie vergadering gesluit.

Hoe het beskuldigde nr. 3 vir Botha vermaan? -- Deur om met die hele gehoor te praat en die volgende woorde gebesig het, dat hy, beskuldigde nr. 3, versoek dat mense teenwoordig daar nie enige ding by hierdie vergadering betrek nie.

Wat bedoel u daarby? Kan u meer uitbrei op wat beskuldige nr. 3 gesê het mense moet nie enige ding betrek by die vergadering nie? -- As ek reg is, beskuldigde nr. 3 het iets te sê gehad. In die slotsom van wat hy vroeër gesê het, het hy toe gesê dat hy versoek die mense teenwoordig daar om nie enige ding in hierdie vergadering te betrek nie, maar ek kan nie presies onthou wat hy gesê het nie.

U het nie dalk een spreker vergeet op hierdie vergadering nie? -- Nee, daar was baie sprekers gewees by hierdie vergadering. Toe ek die sprekers genoem het, het ek nie almal van hulle genoem wat opgetree het as sprekers nie.

Behalwe hierdie vergadering van 26 Augustus in hierdie kerk van beskuldigde nr. 3 in Sharpeville, was daar ander vergaderings nog in Sharpeville dieselfde dag oor die huur-kwessie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Ek wil aan u stel dat Esau Raditsela van die VCA was op hierdie vergadering waar u was? -- Ek het hom nie gesien nie. Tweedens, indien hy enige toespraak daar gemaak het, sou ek hom gesien het en ek sou hom nie vergeet het nie.

Was daar geen resolusies op hierdie vergadering geneem oor die wegbly-aksie van 3 September nie? -- Nee.

Is dit nie waarna Botha verwys het op die vergadering nie? -- Ek weet nie waarvan Botha gepraat het nie, want hy het gepraat van die busse, die petisie en die binnekoms

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die busse.

En natuurlik die 3de? -- Dit is so.

U sien, ek wil dit aan u stel dat die getuie Mahlatsi het getuig ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is nou eerwaarde Mahlatsi?

MNR. FICK : Eerwaarde Mahlatsi - ek wil verwys na Volume 41 bladsye 1 937 en 1 954, dat hy was op ŉ vergadering 26 Augustus 1984 en daar het Esau gerapporteer aan daardie vergadering dat hulle moet hom verskoon, hy gaan nou na ŉ vergadering in Sharpeville wat gaan oor die huurverhogings en Esau het toe na ŉ ruk teruggekom en toe het hy kom rapporteer dat daardie vergadering van onder andere Sharpeville, se resolusies is net dieselfde soos wat op hierdie vergadering geneem was naamlik dat daar sal niemand gaan werk die 3de nie en die huurgelde word nie betaal nie? -- (Tolk maak beswaar teen stelling wat te lank is)

Volgens die getuie eerwaarde Mahlatsi het Esau Raditsela kom rapporteer dat hy by ŉ vergadering in Sharpeville oor huurgeld was en op die vergadering waar hy was in Sharpeville is besluit dat 3 September sal ŉ "stay-away" wees. Wat sê u daarvan? -- Behalwe dat ek nie vir Esau daar gesien het nie, was so ŉ besluit nie geneem te Sharpeville op hierdie dag van die 26ste nie.

U het ook getuig dat op hierdie vergadering van 26 Augustus het u gesien daar is ŉ papier wat daar rondgeneem word en wat geteken word? -- Ja, dit is so.

Waar kom hierdie papier vandaan? Het u gesien waar is sy oorsprong op hierdie vergadering? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Ek het net gesien daar is so ŉ papier. Ek het gesien dat dit geteken word en dit was tydens die besprekings

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van 'n petisie wat geteken moes word.

Wie het hierdie petisie rongeneem om geteken te word? -- Ek het gesien dat daar 'n persoon was wat dit rongeneem het vir handtekeninge. Ek weet net nie wat die persoon se naam is nie.

Het u ook hierdie petisie geteken? -- Nee.

Waarom nie? -- Omdat ek nie in Sharpeville woon nie.

Maar die feit dat u nie in Sharpeville woon nie, het u nie gepla om 'n voorstel te maak op hierdie vergadering dat daar 'n boikot moet wees van die raadslede se besighede nie? -- Ja, dit is so, maar wat hierdie petisie betref het ek daaraan gedink dat na dit voltooi is, sal dit iewers heen geneem moet word en as dit soontoe geneem word sal dit vasgestel word dat ek 'n adres gegee het van Gebied 3 Sebokeng.

Het u hierdie petisievorm by u gehad? Is hy aan u aangebied om geteken te word? -- Ons het in 'n ry gesit. Die petisievorm het by die ry van ons gekom. Die persone het weerskante van my het dit geteken, maar nie ek nie.

Wat het u gelees op die petisievorm, wat staan daar? -- Ek het nie gelees wat die inhoud daarvan was nie, want ek het geweet ek gaan nie teken nie. Ek het dit net ontvang van die persoon langs my soos aangedui word en dit oorhandig aan die een langs my aan die ander kant. Dit was ook nie 'n vorm gewees nie, dit was net 'n papier gewees, 'n vel papier.

'n Skoon stuk papier wat die mense net op geteken het? -- Dit was oorspronklik 'n vel papier gewees wat ek kan beskryf as die grootte van die notaboekies van die verslaggewers, maar dit het alreeds handtekeninge op gehad. Dit wat ek ontvang het en oorgegee het aan die ander persoon.

Was hierdie die eerste vergadering wat 'n petisievorm

rondgeneem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

rondgeneem is en uitgegee is om geteken te word wat u bygewoon het in verband met die huurverhogings? -- Ja, dit is so. Ons praat van die vergaderings van Sharpeville.

Dit is korrek. -- Van die twee vergaderings was dit die eerste een.

In Volume - voor ek 'n sekere stelling aan u maak, die volgende vergadering was 2 September 1984. Is dit reg? -- Dit is so.

Was daar ook petisievorms rondgestuur om geteken te word? -- Op die 2de vanwaar ek gesit het by hierdie vergadering het ek opgemerk dat die voorsitter by hom dokumente gehad het wat hy na verwys het as die vorms wat terugbesorg is en dit is eintlik nie 'n tipe werk wat tevrede stel nie. Hy het die vorms opgelig om gesien te word deur dié wat teenwoordig was.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die middelste deel van u antwoord is nie duidelik nie. Dat dit 'n tipe werk is wat nie tevrede stel nie. Wat bedoel u daarby? Ek verstaan nie? -- Daarby het hy bedoel dat die vorms min in getal is.

MNR. FICK : Toe hierdie vorm nou in die vergadering rondgaan van 26 Augustus, het iemand verduidelik gesê "Kyk, hierdie is nou 'n petisievorm vir die petisie dat die raadslede met bedank, julle moet hom nou teken"? -- U vraag is nie duidelik nie. Is u vraag dat het enigiemand dit in die vergadering so gestel?

Ja, dat hierdie vorm wat nou hier rondgaan in die vergadering, dit is die petisievorm wat julle asseblief moet teken vir die petisie ten opsigte van die huurverhogings of die bedanking van die raadslede? -- Nee, niemand het so gesê by hierdie vergadering nie. Wat ek onthou is dat terwyl

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar besprekings uitgevoer was oor 'n petisie wat geteken moet word, het ek bewus geword van hierdie vorm wat rondgeneem is.

U het aanvaar dit is die petisie waarvan gepraat word? -- Dit is so, ja.

Op my vorige vraag of op die vergadering van 2 September die petisievorms rondgestuur is om geteken te word, het u nog nie geantwoord nie. Sê net ja of nee. Is die ding in die vergadering rondgestuur om geteken te word? -- Ek het niemand gesien 'n vorm teken op die 2de nie. Ek het wel vorms gesien toe die voorsitter oor hierdie vorms iets te sê gehad het en die vorms opgelig het. Dit het ek gesien.

'n Laaste vraag, op die vergadering van 2 September, het niemand ook gevra julle moet asseblief nou petisievorms teken nie? -- By watter vergadering?

2 September 1984? -- Nee, al wat ek onthou is dat hierdie petisie nie genoem is nie, maar terwyl die vergadering aan die gang was, was die petisie bespreek. Dit is nou op 2 September 1984. Dit was bespreek dat hierdie petisievorms geteken sal moet word en wat verder bespreek was, was die verdeling van Sharpeville in verskillende areas. Dit was op 2 September 1984.

Dan maak ek net 'n stelling aan u dat u getuienis nou is vals of daar is verkeerde opdragte aan u regsverteenwoordiger gegee met betrekking tot hierdie petisievorms se ondertekening? Want in Volume 23 op bladsy 1 121 word gestel "You see, on the 2nd and indeed on the Sunday before that, were you aware that the people who attended these meetings signed petition forms?" Toe vra die Hof om dit duidelik te maak "Which meeting, Mr Bizos?" en die antwoord kom "Previous meetings.

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and this meeting." Het u vir u regsverteenwoordiger gesê hierdie is ŉ verkeerde stelling? -- Nee, wat ek sê is dat op die 26ste het ek gesien dat daar ŉ vorm geteken word. Eintlik nie ŉ vorm nie, maar ŉ vel papier wat geteken is en wat ek dan sê met betrekking tot 2 September is dat ek het gesien dat daar vorms getoon word, maar ek het nie gesien dat op hierdie dag, dit is 2 September enige dokument of vorms geteken word nie. Daar was wel ŉ bespreking gevoer daaromtrent dat dit nodig is vir hierdie dokumente om verder weggeneem te word.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG tot 27 MEI 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.